higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4

(3011014)

21 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

538Q1N2221

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAGNOMMER	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A		
1	40	36 Minute
AFDELING B		
2	45	40 Minute
3	35	32 Minute
4	40	36 Minute
5	40	36 Minute
TOTAAL	200	180 Minute

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die begrotingsproses wat 'n onderneming gebruik om oor die aankoop van niebedryfsbates te besluit	A	Meesterbegroting
		B	Kontantvloeistaat
1.1.2	Witbrood	C	Nulkoersitem
1.1.3	'n Fonds wat vir werknemers se opleiding en ontwikkeling gebruik word	D	Reiskoste vir sakedoeleindes
1.1.4	'n Voorbeeld van 'n belastingaftrekbare uitgawe vir 'n onderneming	E	Vaardigheids-ontwikkelingsfonds
1.1.5	'n Verhouding wat 'n sakeonderneming se vermoë om rente op sy uitstaande skuld te betaal, aandui	F	VAT101-vorm
		G	Vrygestelde inkomste
1.1.6	Die hoof- of algehele begroting wat verskillende begrotings vir verskillende sake-eenhede of -areas kombineer	H	Rentedekkingsverhouding
		I	Koste-tot-inkomste-verhouding
1.1.7	'n Finansiële verslag wat die beweging van kontant in en uit 'n onderneming oor 'n bepaalde tydperk aantoon	J	Kapitaalbegroting

(7 × 1) (7)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Watter een van die volgende is 'n bron van befondsing in 'n onderneming?

A Waagkapitaal
B Uitstaandekrediteure-saldo's
C Tesourie-effekte
D Koste van kapitaal

1.2.2 Watter stellings is NIE waar aangaande begrotings in ‘n onderneming nie?

A Beplan vir die toekoms
B Gee leiding vir die onderneming
C Stel standaarde om sakeprestasie te vergelyk
D Moedig die bestuurder se persoonlike prestasie aan

1.2.3 Die bepalings van ‘n leningsterugbetalingsbedrag word gewoonlik bepaal deur …

A die onderneming se finansiële bestuurder.
B die lener.
C die uitlener.
D die leningsaldo.

1.2.4 … is die onderneming se besittings wat binne ‘n jaar in kontant omgeskakel sal word.

A Bedryfsbates
B Bedryfslaste
C Niebedryfsbates
D Niebedryfslaste

1.2.5 ‘n Onderneming kan kies om vrywillig vir BTW te registreer indien die waarde van sy belasbare lewerings die afgelope 12 maande … oorskry het.

A R50 000
B R300 000
C R1 000 000
D R150 000

1.2.6 Die doel van die … -staat is om alle inkomste en uitgawes te toon wat tot die wins of verlies vir ‘n onderneming vir ‘n bepaalde tydperk lei.

A inkomste en uitgawe
B kontantvloei
C balans
D kontantbegroting

1.2.7 Die … verslag toon werknemers se verdienste en word tweemaal per jaar by die SAID ingedien.

A EMP201
B EMP501
C EMP301
D EMP401

(7 × 1) (7)

Kopiereg voorbehou

1.3 1.3.1 Beskryf die term *sakeplan.* (3)

1.3.2 Noem DRIE bates wat as sekuriteit teen befondsing aangebied kan word. (3)

1.3.3 Noem TWEE voorbeelde van uitgawes wat in die staat van inkomste en uitgawes voorkom. (2)

1.4 Bestudeer die volgende transaksies wat in die boeke van Maseng Cleaners verskyn het en beantwoord die vrae wat daarop volg. Al die bedrae sluit BTW in. Rond jou antwoorde af tot twee desimale:

1.4.1 (a) Koop skryfbehoeftes vir R400 by PCA Stationers.

Bereken die BTW-bedrag en dui aan of dit inset-BTW, uitset-BTW, of geen BTW op die transaksie betaalbaar is nie. (3)

(b) Betaal personeellone van R1 500 vir die week.

Dui aan of daar inset-BTW, uitset-BTW, of geen BTW op die transaksie is. (1)

(c) Koop skoonmaakmiddels by Sparkle Products, R750.

Bereken die BTW-bedrag en dui aan of inset-BTW, uitset-BTW of geen BTW op die transaksie betaalbaar is. (3)

1.4.2 Noem DRIE brondokumente rakende transaksies met klante wat Maseng Cleaners in hul onderneming moet bewaar. (3)

1.5 Begroting is een van die suksesfaktore vir 'n onderneming. Beskryf VIER faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer vorige begrotings ontleed word om voorspellings vir toekomstige begrotingsbehoeftes te maak. (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mangaliso Miyeni is ‘n jong vakman en entrepreneur van Tembisa. Hy is ‘n voormalige student van Ekurhuleni West TVET College, Tembisa Kampus. Terwyl hy by die kollege studeer het, het hy aangehou om elektriese toerusting vir inwoners in en om Tembi te herstel. Mense sou hom ook skakel om elektrisiteit in hul nuut geboude buitekamers wat hulle wou uitverhuur te installeer, en los verbindings in hul huise te herstel.

Nadat hy sy Vlak 4 voltooi het, het hy die geleentheid vir ‘n Dual System Pilot Project (DSPP) elektriese vakmanskap by die Kollege gekry. Die vakleerlingprogram was 3 jaar lank, en daarna het hy by ‘n Vakleerlingtoetsentrum die nodige toets afgelê.

Nadat hy as elektriese vakman gekwalifiseer het, het hy ‘n werk by ‘n Duitse maatskappy gekry, waar hy 4 maande lank gewerk het. Hy het toe bedank om meer tyd en aandag aan die uitbreiding van sy eie onderneming te skenk. In 2016 het hy Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. gestig, maar die onderneming het eers in 2020 begin handel dryf nadat hy as vakman gekwalifiseer het.

Sedert die maatskappy ten volle begin sake doen het, het dit van krag tot krag gegaan. Die maatskappy het kontrakte verkry om elektrisiteit en sonkragstelsels in huise, skole en sakeondernemings te installeer, en het ook elektriese instandhoudingswerk gedoen. Sy onderneming is nie net beperk tot elektriese dienste nie; hy doen ook loodgieterswerk en installering van plafonne. Hy het 12 mense in diens wat voltyds vir hom werk.

2.1 Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. verleen krediet aan sommige van sy klante. Klante moet na 30 dae betaal.

Bespreek kortliks DRIE maniere waarop die onderneming sy klante kan bestuur. (3 × 2) (6)

2.2 Noem TWEE maniere waarop Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. ‘n positiewe kontantvloeie kan handhaaf. (4)

2.3 Mangaliso moet statutêre betalings ten opsigte van sy 12 werknemers doen.

Noem enige TWEE van hierdie betalings en gee EEN rede vir elke betaling. (2 × 2) (4)

2.4 Mangaliso benodig R75 000 om toerusting vir sy onderneming wat uitbrei, te koop. Hy het die volgende twee opsies om die geld te verkry:

(a) Fund National Bank bied aan om die bedrag aan hom te leen teen ‘n rentekoers van 15% per maand wat op die uitstaande bedrag betaalbaar is. Die lening is in ses maandelikse paaiemente betaalbaar.

(b) Mangaliso se oom bied aan om die bedrag aan hom te leen teen ‘n rentekoers van 20% per maand op die totale bedrag, betaalbaar oor TWEE jaar.

Kopiereg voorbehou

2.4.1 Watter tipe finansiering bied Fund National Bank aan Mangaliso? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

2.4.2 Bereken die totale rente betaalbaar na SES maande op die lening van Fund National Bank.

WENK: Toon die berekenings vir rente vir elk van die ses maande en dan die totale rente. (7)

2.4.3 Watter tipe finansiering bied Mangaliso se oom aan Mangaliso? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

2.4.4 Bereken die totale rente betaalbaar op die lening van Mangaliso se oom. (3)

2.4.5 Sê of die volgende stelling 'Waar' of 'Onwaar' is, en gee 'n rede vir jou antwoord.

Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. is 'n regspersoon. (2)

2.5 Die volgende inligting word deur Naidoo Traders verskaf:

Verkoopprys per eenheid:	R60
Veranderlike koste per eenheid:	R20
Totale vaste koste:	R110 000

Gebruik die volgende inligting om die volgende te bereken. Toon die formules.

2.5.1 Bydrae per eenheid

2.5.2 Gelykbreekhoeveelheid/eenhede

2.5.3 Gelykbreekwaarde

(3 × 3) (9)

2.6 Gee TWEE voorstelle oor hoe Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. 'n sakeplan kan voorlê wat deur 'n finansiële instelling aanvaar sal word.

(2 × 2) (4)

[45]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende uittreksel uit die rekords van Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. en beantwoord die vrae wat volg:

MIYENI ELECTRICAL AND SUPPLIES (Edms) Bpk.
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2021

	BEGROOT	WERKLIK
Omset	362 500	387 500
Min: Koste van verkope	(97 500)	(155 000)
BRUTO WINS	265 000	232 500
Plus: Ander inkomste	**32 750**	**33 250**
Huurinkomste	32 750	33 250
BRUTO INKOMSTE	**297 750**	**265 750**
Min: Bedryfsuitgawes	**(79 615)**	**(85 398)**
Telefoon	5 700	6 600
Reklame	3 900	3 900
Elektrisiteit	13 450	14 273
Verversings	2 875	2 375
Salarisse	47 500	52 500
Skryfbehoeftes	1 345	1 100
Diverse uitgawes	1 845	1 650
Herstelwerk	3 000	3 000
Netto wins voor rente en belasting	**218 135**	**180 352**
Rente-inkomste	24 750	26 000
Rente betaal	(12 000)	(12 000)
Netto wins voor belasting	**230 885**	**194 352**
Belasting	(64 647,80)	(54 418,56)
NETTO WINS VIR DIE JAAR	**166 237,20**	**139 933,44**

3.1.1 Bereken die afwyking vir huurinkomste. Noem of die afwyking 'Gunstig' of 'Ongunstig' is. (3)

3.1.2 Gee EEN moontlike rede vir die afwyking in VRAAG 3.1.1.

LET WEL: Dit is NIE 'n aanvaarbare rede om net te noem dat die werklike bedrag meer as die begrote bedrag is nie. (2)

3.1.3 Die werklike bedrag is meer as die begrote bedrag. Bereken die afwyking en noem of dit 'Gunstig' of 'Ongunstig' is. (3)

3.1.4 Gee EEN moontlike aanbeveling om die afwyking in VRAAG 3.1.3 te hanteer. (2)

3.1.5 Noem TWEE uitgawes met geen afwykings. (2)

3.1.6 Bereken die werklike verkope vir April 2022 op grond van 'n 11%-styging in die werklike verkope vir April 2021. (3)

3.1.7 Watter begrotingstegniek is in VRAAG 3.1.6 gebruik? (1)

3.2 Beskryf TWEE voordele van gereelde finansiële verslagdoening. (2 × 2) (4)

3.3 Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. wil 'n transformator vir die onderneming koop. Dit het die volgende twee opsies en die koste en kontantvloeie wat deur die transformators voortgebring word, is soos volg:

	TRANSFORMATOR AA	**TRANSFORMATOR CC**
	Koste	***Koste***
	R180 000	R180 000
Jaar	***Kontantvloei***	***Kontantvloei***
1	R60 000	R50 000
2	R60 000	R60 000
3	R40 000	R40 000
4	R40 000	R40 000
5	R20 000	R20 000

3.3.1 Bepaal die terugbetalingstydperk vir Transformator AA. (5)

3.3.2 Bepaal die terugbetalingstydperk vir Transformator CC. (5)

3.3.3 Watter transformator moet Miyeni Electrical and Supplies koop op grond van die berekenings hier bo? (2)

3.4 Identifiseer die verslag uit elk van die beskrywings hier onder. Skryf slegs die naam van die verslag langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.3) in die ANTWOORDBOEK. Moenie die tabel in jou ANTWOORDBOEK oorteken nie.

NO	**BESKRYWING VAN DIE VERSLAG**	**NAAM VAN DIE VERSLAG**
3.4.1	Ouderdomme van onbetaalde fakture van verskaffers	
3.4.2	Toon die finansiële posisie van die onderneming	
3.4.3	Ouderdomme van uitstaande klantesaldo's	

(3)
[35]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *begroting*. (3)

4.2 Noem DRIE maniere waarop 'n onderneming begrote bedrae vir voorgestelde aktiwiteite kan regverdig. (3)

4.3 Noem DRIE uitdagings wat sal ontstaan indien begrote items nie akkuraat opgeteken word nie. (3 × 2) (6)

4.4 Die volgende inligting is geneem uit die rekords van Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. vir die jaar geëindig 30 April 2021:

MIYENI ELECTRICAL AND SUPPLIES (Edms) Bpk.
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2021

Omset	387 500
Min: Koste van verkope	(155 000)
BRUTO WINS	232 500
Plus: Ander inkomste	**33 250**
Huurinkomste	33 250
BRUTO INKOMSTE	**265 750**
Min: Bedryfsuitgawes	**(85 398)**
Telefoon	6 600
Reklame	3 900
Elektrisiteit	14 273
Verversings	2 375
Salarisse	52 500
Skryfbehoeftes	1 100
Diverse uitgawes	1 650
Herstelwerk	3 000
Netto wins voor rente en belasting	**180 352**
Rente-inkomste	26 000
Rente betaal	(12 000)
Netto wins voor belasting	**194 352**
Inkomstebelasting	(54 418,56)
NETTO WINS VIR DIE JAAR	**139 933,44**

4.4.1 Bereken die brutowinspersentasie vir 2021. Toon alle formules en berekenings. Rond die antwoorde af tot TWEE desimale. (3)

4.4.2 Op grond van die verhouding wat jy in VRAAG 4.4.1 bereken het, het die eienaar besef dat die werklike brutowinsverhouding minder is as wat begroot is.

Gee EEN moontlike rede waarom die werklike brutowinsverhouding minder is as wat begroot is. (2)

4.4.3 Bereken die nettowinspersentasie voor belasting vir 2021. Toon alle formules en berekenings. Rond die antwoord af tot TWEE desimale. (3)

4.5 Die volgende inligting is verkry uit die rekords van Miyeni Electrical and Supplies (Edms) Bpk. vir die jaar geëindig 30 April 2021:

	R
Niebedryfslaste	120 000
Niebedryfsbates	600 000
Bedryfslaste	90 000
Bedryfsbates	108 000

Addisionele inligting:

	R
Voorraad	14 000
Debiteure (2020: R19 500)	26 000
Kredietverkope	125 000
Bank	68 000

Toon alle formules en berekenings. Rond die antwoorde af tot TWE desimale, tensy anders gevra.

4.5.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2021. (3)

4.5.2 Lewer kommentaar op die verhouding wat jy in VRAAG 4.5.1 bereken het, met verwysing na die aanvaarbare bedryfsverhouding. (2)

4.5.3 Bereken die vuurproefverhouding vir 2021. (3)

4.5.4 Bepaal die netto waarde van Miyeni Electrical Supplies. (5)

4.5.5 Bereken die debiteure-invorderingstydperk in maande vir 2021. Rond die antwoord af tot 'n HEELGETAL. (5)

4.5.6 Lewer kommentaar op wat die verhouding wat jy in VRAAG 4.5.5 bereken het, vir die onderneming beteken. (2)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Beantwoord die volgende vrae oor beperkte aanspreeklikheid:

5.1.1 Jy het aandele in Bunny's TVs (Edms) Bpk. gekoop vir R20 000. Die onderneming skuld die krediteure R300 000.

Noem die bedrag wat jy sal verloor indien die onderneming bankrot sou raak. Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

5.1.2 Noem of elk van die volgende stellings met betrekking tot die belastingimplikasies van 'n beperkte maatskappy 'Waar' of 'Onwaar' is:

a) Die geregistreerde onderneming ontvang nie belastingkortings nie.
b) 'n Beperkte maatskappy word teen 18% belas.
c) Aandeelhouers is daarvoor verantwoordelik om belasting op die wins van die onderneming te betaal. (3)

5.2 Noem VIER voorbeelde van persoonlike inligting wat nodig is om 'n individu se belastingopgawe te voltooi. (4)

5.3 Beskryf kortliks TWEE implikasies van nienakoming van die bepalings van die Inkomstebelastingwet. (4)

5.4 Nevhembe moet oor die kostevoordeel van die volgende TWEE projekte besluit:

- Projek AA het verbonde uitgawes van R30 000, ander verwante koste van R60 000 en finansiële voordeel vir die onderneming van R100 000.

- Projek DD het verbonde uitgawes van R34 000, ander verwante koste van R62 000 en finansiële voordeel vir die onderneming van R106 000.

5.4.1 Bereken die kostevoordeelverhouding vir projek AA.

5.4.2 Bereken die kostevoordeelverhouding vir projek DD.

5.4.3 Op grond van jou antwoorde op VRAAG 5.4.1 en 5.4.2, noem watter projek die beste resultate in kostevoordeelverhouding sal oplewer, en verduidelik jou antwoord.

(3 × 3) (9)

5.5 Bestudeer die belastingtabelle hier onder en beantwoord die vrae:

BELASTINGKOERSE VIR INDIVIDUE VIR 2021	
BELASBARE INKOMSTE	**BELATINGKOERSE**
1 – 205 900	18% van belasbare inkomste
205 901 – 321 600	37 062 + 26% van belasbare inkomste bo 205 900
321 601 – 445 100	67 144 + 31% van belasbare inkomste bo 321 600
445 101 – 584 200	105 429 + 36% van belasbare inkomste bo 445 100
584 201 – 744 800	155 505 + 39% van belasbare inkomste bo 584 200
744 801 – 1 577 300	218 139 + 41% van belasbare inkomste bo 744 800
1 577 301 en meer	559 464 + 39% van belasbare inkomste bo 1 577 300

BELASTINGKORTINGS 2021	
Primêr	R14 958
Sekondêr (65 en ouer)	R8 199
Tersiêr (75 en ouer)	R2 736
BELASTINGDREMPEL 2021	
Onder 65	R83 100
65 en ouer	R128 650
75 en ouer	R143 850

5.5.1 Arno Goldfinger is die alleeneienaar van Arno Goldfinger's Traders. Hy het 'n netto wins van R450 000 vir die 2021-jaar gemaak.

Bereken die belasting wat deur die 77-jarige Arno betaalbaar is vir die jaar 2021. (8)

5.5.2 Kgosimore Lentswe is 'n administrateur by Arno Goldfinger's Traders. Kgosimore verdien 'n belasbare inkomste van R32 000 per maand, ontvang 'n bonus van 40% van sy jaarlikse salaris (uitgesluit van belasbare inkomste) en is 42 jaar oud.

Bereken Kgosimore se belasting betaalbaar vir die 2021-jaar. (9)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou